**18 Januarie** **Skrifgedeelte: Johannes 1:29-34**
**Fokusgedeelte: Johannes 1:29**

## Dáár is die Lam van God!

Die woorde van ons fokusgedeelte openbaar sy ryk betekenis net aan mense wat die leë dieptes van ’n sondaarslewe gepeil het. Om die trefkrag van hierdie woorde te verstaan, moet jy Abraham wees wat met jou enigste kind aan die hand offerloos na ’n vreeslike God toe stap. Jy moet Dawid wees met die snyklank van: “Jy is die man!” vars in die siel. Jy moet die tollenaar wees, wat “Genade!” as die enigste gebed oor het. Net as jy geestelik ’n bedelaar geword het, iemand vir wie versoening met God alles geword het, sal jy Johannes se woorde as suiwer goud sien blink (vs 29): “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!”

Die hele evangelie sit in hierdie een sinnetjie. Wat sal van mense (die wêreld) word as hulle sonde nie weggeneem word nie? Hoe kan die sonde weggeneem word as daar nie ’n offer (lam) is nie? Wie kan ’n lam gee wat as betaling (offer) vir die wêreld se sondes kan dien, as God dit nie self doen, as dit nie Hy Self ís nie!

Johannes kon nie hierdie wonderlike evangelie self uitgedink het nie. In geen mensehart kan só ’n pad van versoening bedink word nie. Daarom getuig God (die Heilige Gees) self daarvan, staan Hy self in vir die waarheid van wat Johannes sê.

Soek jy ’n wêreld sonder sonde en vrede met God? In ons Skrifgedeelte staan Johannes steeds met sy vinger uitgestrek: “Dáár is die Lam!”

*Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5* *Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*